### *Stryd van die fariseërs oor die goddelikheid van die Meester*

**216** Met alles wat daar na die aandete op hierdie sabbat gebeur het, sou tog wel `n totale dagtaak kon gevul het. Maar `n mens hou in die hemele nooit op om goed te doen nie, net soos die hel ook nooit ophou om kwaad te doen nie, en so word daar vir hierdie sabbat ook nog iets baie besonders vir die einde bewaar, waar daar voor middernag nog werk verrig moes word.

[2] Onder die vyftig fariseërs, aan die hoof met die owerste Stahar en met ons reeds bekende spreker Floran, het daar `n verskil van mening ontstaan. Hier het ons nog volgelinge gehad wat half in die ou leer vasgesit het wat in `n tent van Ouran tydens die storm nog allerlei twyfel uitgebroei het, en die manier waarop die lyke nou neergelê word, bevestig baie van hulle twyfelagtige opvattings oor My en My dade. Die verskil van mening wat hulle gehad het, ontstaan omdat hulle merendeels baie nadruklik aangeneem het dat Ek `n buitengewone profeet was, `n soort Elia, - terwyl `n minder verligte deel gemeen het dat Ek ondanks alle kennis van die Skrif slegs `n leerling was uit die katakombes van Egipte en in die tempel te Karnak die wysheid en die egte magie geleer het. Dit sou ook die rede wees vir My warm onthaal deur die Romeine, want by die Romeine het die egte magiërs (towenaars) meer aansien as hulle gode, omdat die Romeine sulke magiërs as vingers van die god Zeus aansien, wat op `n manier onder die mense werk en baie aansien het met die hoë menere! Die Romeine was egter baie verstandige mense en het geweet dat die Judeërs eers te vertrou was as hulle met siel, bloed, huid en haar, Romeine geword het. Dit kon die maklikste bereik word as `n mens die Judeërs deur so `n aartsmagiër uit die skool van Karnak bewerk, omdat hulle daarvoor bekend gestaan het dat hulle baie verslaaf was aan wonderwerke. Dit moes egter wel so gebeur dat die Judeërs daarin ook hulle Moses en hulle profete terugvind, en dit gebeur nou sigbaar met die beste resultaat ter wêreld. Want hy wat hom nie laat bekeer deur woorde en wonderwerke nie, vir hom was menige Romeinse krygsoldate altyd volledig paraat om hulle met vrees te bekeer. Daarom word daar ook met elke geleentheid so fel moontlik teen die tempel te Jerusalem te kere gegaan. Alle moontlike moeite word gedoen om die slegte dinge na vore te bring, terwyl `n mens die goeie dinge argeloos laat verbygaan en ook met geen enkele woord daaroor praat nie, hoewel dit tog bekend was hoeveel goed die tempel altyd verrig het!

[3] Stahar en Floran, wat meer as die ander `n beter mening oor My en die Romeine gehad het, het wel moeite gedoen om hulle kollegas dit uit die hoof te praat, maar hulle het nie baie bereik nie, ondanks die feit dat hulle My geweldig baie opgehemel het as `n profeet wat vergelykbaar was met Elia.

[4] **Die teenparty** sê: "Kyk maar eers daar hoe die nege drenkelinge medies vakkundig met die koppe heuwel afwaarts en die gesigte na die grond toe neergelê word?! Waarom moet dit so wees?! `n Elohim is almagtig genoeg om ook sonder sulke toebereidsels die drenkelinge weer lewend te maak. As sulke suiwer mediese voorsorgmaatreëls egter getref moet word om die drenkelinge uiteindelik weer in die lewe terug te bring, is daar tog met die suiwer wonderdoenery wel `n stekie los! Ook die drie wat vroeër opgewek was, moes in die kamer gebring word om nie in die koel naglug te lê nie en om die volgende more beter en frisser daaruit te sien! Ons het dit nou wel goed deurgekyk!"

[5] Floran vra hulle egter wat hulle van Rafael dink, wat tog wel die ongelooflikste wonders gedoen het. Dit bring `n aantal weer tot besinning en hulle weet nie wat om daarop te sê nie.

[8] **Floran** sê: "Ja, vriend, ek sou geen ernstige groot goudstuk daarop verwed dat beide hierdie mense, as dit werklik noodsaaklik sou wees, ook nie `n wêreld uit niks sou kon skep nie; ek sou dit egter werklik nie dat dit daarop sou uitloop nie!"

[9] **Stahar** sê: "Ek ook nie, want beide het al vir my té groot dienste bewys! Tewens by beide kom in alles dermate `n groot wysheid tot uitdrukking, dat al my kennis en al my ervaring in die niet versink. Maar waar so `n groot wysheid sigbaar is, werk Elohim se gees, vir wie niks onmoontlik is nie.

[10] Laat ons onsself maar eers herinner waartoe Elia en Moses alles in staat was, dan sal ons onsself daardeur ook kan voorstel hoe hierdie twee juis deur dieselfde almagtige Gees hulle onverstaanbare wonderdade altyd met volledige sekerheid volbring het!

[11] Wel, wat beteken dit dan?! As ons weet dat die dinge maar net vir die almagtige Gees van Elohim moontlik is, wat vir alle mense onmoontlik is, dan is dit baie eenvoudig dieselfde Gees van Elohim wat werksaam is, wat eers die aarde uit niks tot aansyn geroep het en later die wonderbaarlikste dinge deur Moses en Elia laat doen het!

[12] Bowendien het ek nog `n opmerking en ek vra julle: Waar, buite die kringe van die kinders van Israel, het daar ooit `n volk bestaan wat in wysheid en krag meer barmhartigheid gekry het as ons, as egte nakomelinge van Abraham, Isak en Jakob?! As

iemand dus in die huis van Jakob die ware Wysheid en Haar Krag nie kan vind nie, waar sou hy dan andersins dit kon doen en vind?! Ek weet ook wel iets oor die geheime skool van Egipte en wat daar geleer word! Ja, die skool in Karnak kom miskien wel tot in die voorhof, maar in die allerheiligste, die binnenste, kom hulle werklik nooit nie!

[13] Maar by hierdie twee kan jy met die eerste oogopslag sien dat hulle presies so vertroud skyn te wees met die allerheiligste, binnenste, soos wat `n huisvrou vertroud is met haar spens. By `n huisvrou wat sorg dra vir haar huishouding, kan `n mens dadelik aan haar opgewekte gesig sien dat die spens goed voorsien is, en by beide kan `n mens ook baie goed waarneem, as `n mens hulle gesigte maar `n klein bietjie bestudeer, dat hulle heeltemal vervul is met opgewekte en sorglose rus!

[14] Wie so `n wysheid en mag besit en met so `n werklike goddelike rus die wêreld kan inkyk en vir wie `n rasende storm net so weinig verontrus soos ons eerste winter wat die aartsvader Adam beleef het, hy is in die allerheiligste sélf reeds `n meester en vrye gebieder! Hy het geen wysheidskool in Karnak nodig nie, omdat die Gees van Elohim Self hom `n beter een in sy hart gegee het! Dit is my mening en nou ook my vaste geloof en dat die geloof van my goed is, sien ek daaraan dat ek ook `n baie goddelike en vrye rus in my hart begin te voel, wat ek nog nooit voorheen gevoel en ondervind het nie.

[15] Ek kan vir julle, as julle gewese owerste, weliswaar nie die geloof en die gevoelens oplê nie, omdat dit nie kan en nooit op te lê is nie, maar ek kan julle wel sê dat die sake so staan en dat julle met julle Egiptiese skool, sonder leidraad in die duisterste katakombes ronddwaal!"

[19] **Stahar** sê weer: "Vriend, as dit jou al so verontrus, dan verwonder ek my baie daaroor of jou geloof in JaHWeH uiteindelik al nie lankal verontrus was nie, terwyl jy die langsame groei van plante, diere en mense tog reeds goed genoeg bestudeer het! Waarom moet die Almagtige Gees van JaHWeH sulke hinderlike voorsorgmaatreëls tref?! Waartoe het hy eintlik bome, struike en plante nodig om verskillende soorte vrugte langsaam daarop ryp te laat word?! Hy hoef maar net te wil en dan kan dit ryp uit die hemel op die aarde val! Waarom `n akker op die aarde?! Laat die Gees van Elohim liewer die suiwerste en rypste koring uit die hemel laat reën en nog liewer dadelik maar `n goeie en lekker brood! Waarvoor die verwekking by diere en mense?! Waarom moet `n mens eers heeltemal hulpeloos en so swak soos `n muggie gebore word?! Laat hom tog dadelik sterk, wys en van alles voorsien op die aarde val!

[20] Vind jy nie dat dit vir die almag van die goddelike Gees baie verstandiger en waardiger sou wees as die bekende langsaamheidsweg, waardeur `n hongerige kind `n paar weke lank na `n boom moet kyk voordat die vrugte aan die takke ryp word?! Hoe sou, ter wille van die welsyn van hulle kinders, `n besorgde ouerpaar hulle nie verheug het as die kinders reeds vol wysheid soos `n Samuel op die wêreld sou gekom het nie?! Maar hulle moet onder baie pyn gebore word en dan duur dit minstens twaalf jaar voordat `n kind dit sover gebring het dat hy geskik is vir `n hoër soort onderwys en dan moet hy tot die volwasse leeftyd alle ywer aanwend om die nodige agtergrond te verkry in `n bepaalde kuns of wetenskap. Vind jy dit goed passend vir die hoogste wysheid van die goddelike Gees?!

[21] Maar as dit alles die eindelose, goddelike wysheid niks laat inboet nie, hoe kan jy hierdie profeet nou kwalik neem as hy die nege lyke medies korrek laat neerlê?! - Spreek nou, vriend!"

[22] Die teenstander, wat **Murel** heet, sê: "Ja, ja, vriend Stahar, jy het gelyk en ek sien die onbelangrikheid van my vroeëre bewering baie goed in!

[24] **Stahar** sê: "Die groot Meester, daar! Gaan na Hom toe en ek wed jou dat Hy dit presies vir jou kan vertel. Want vir my gaan jou vrae te diep, ja so diep dat ek dit byna dom sou kan noem, maar nie omdat dit werklik dom is nie, maar slegs omdat my onbegrip dit dom vind."